# EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

## Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.



## MAANDAG 10 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag: In Luk. 5:1-11 vang Petrus en Jesus 'n oorvloed visse.Wat in jou lewe voel oorvloedig goed?

### VANDAG SE GEBED

Dit is soms vir my moeilik om te glo dat U na my sou kom soek. Wat het ek om te bied? Wat kan ek gee? Ten spyte van my ongeloof weet ek diep in my wese dat niks U kan weghou nie. Dankie Here vir U groot liefde. Amen.

# EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

## Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.



# DINSDAG 11 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag:  Waarna soek jy?

### VANDAG SE GEBED

Heilige God, die wêreld sê vir my om status en rykdom na te jaag, maar die dinge wat ek soek, is dieper as dit. Ek verlang daarna om te behoort. Ek verlang na skoonheid en vreugde. Ek wil U teenwoordigheid voel wanneer ek bid. Hou aan om my soekende hart na dieper waters te trek. Moet my nie laat afdwaal van die dinge wat werklik saak maak nie. Amen.

## EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

# Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.

## WOENSDAG 12 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Jesus stuur die dissipels na "diep water" (Luk. 5:1-11). Watter gedagtes roep daardie beeld by jou op? Voel diep water vir jou riskant, heilig, uitdagend of ontsagwekkend?

### VANDAG SE GEBED

Here, ek verlang na 'n geloof wat my na diep waters lei. Ek verlang na 'n geloof wat die veiligheid en vlaktes van die kus agterlaat vir 'n dieper verhouding, 'n dieper geloof en 'n dieper verwondering. Tog, ten spyte van my verlange, vind vrees my altyd. Daag my uit om U te volg, selfs wanneer die uitnodiging riskant voel. Ek wil nie in die vlaktes bly nie. Ek wil U in die diepte volg. Amen.

# EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

## Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.



# DONDERDAG 13 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Wat was die begin van jou geloofstorie?

### VANDAG SE GEBED

Jesus Christus, U het vir Petrus op ‘n boot ontmoet, op ‘n gewone dag op die see. Ek stel my voor dat U dieselfde vir my gedoen het. Ek glo dat U my al duisend keer, op duisend maniere, ontmoet het nog voordat ek besef het dat U naby is. Dankie dat U my keer op keer ontmoet. Dankie dat U my altyd die kans gee om weer te begin. Dankie vir die geleentheid om hierdie geloof my eie te maak. Amen.

# EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

## Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.



# VRYDAG 14 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag:  Petrus het getwyfel of hy waardig was vir Jesus se teenwoordigheid. Het jy al ooit ook so gevoel?

### VANDAG SE GEBED

Genadige God, die Skrif is vol verhale waar U gewone mense roep om buitengewone dinge te doen. In ‘n wêreld wat ons dikwels aanspoor om te jaag en te veg vir ons selfwaarde, laat daardie waarheid my stilstaan. Is dit moontlik dat U my roep, net soos U vir Petrus geroep het? Herinner my daaraan dat my waarde nie gegrond is in die dinge van die wêreld nie, maar in U. Maak my dapper genoeg om dit te vertrou. Amen.

## EERSTE WEEK IN LYDENSTYD

# Hy het my gesoek

### GELOOFSGEWOONTE

Sit vir 5 minute in stilte. Laat jou gedagtes verbygaan soos 'n stroom wat vloei. Wees stil en luister.



## SATERDAG 15 MAART

### REFLEKSIE VRAAG

Vraag: Jesus roep vir Petrus om ‘n “visser van mense” te wees (Luk. 5:1-11). Waartoe dink jy roep God jou in hierdie seisoen van jou lewe?

### VANDAG SE GEBED

Roepende God, ek wil nie net die baksteenpad volg wat die samelewing vir my uitgelê het nie. Ek wil U volg. Ek wil gaan waar U my roep. Ek wil die persoon wees wat U weet ek kan wees. Help my in hierdie Lydenstyd om te luister na wat die volgende regte stap is. Gee my die geduld om te onderskei wat die volgende seisoen vir my mag inhou. Amen.